

Roeping	Profesië teen Juda voor ballingskap		Val van Jerusalem	Profesië teen Juda in ballingskap		Ander nasies
Roeping (1)	Josia (2-12)	Jojakim (13-20)	Wegvoerings (25-26, 35-36, 52)	Sedekia (21 -24, 27-34 en 37-39)	In ballingskap (40-44)	Heidenvolke (45-51)
	640-609vC	609-598vC		597vC-586vC		

Dag	Dag se brood	Meer heuning					
Ma	Jer 1	Jer 1-3	Ons sien in hfstk 1 dat Jeremia nog voor sy geboorte deur God geroep is as profeet. Hy moes die boodskap van die val van Jerusalem en die ballingskap verkondig voordat hy kon bekendmaak dat die ballinge uiteindelik sou terugkeer.	Hfstkke 2-12 vind in die laaste dae van Josia plaas en het hy 'n aandeel in die hervorming wat deur Josia teweeggebring is.	In hfstke 21 -24, 27-34 en 37-39 maak hy uitsprake tydens die regering van Sedekia. In hfstk 27,28 benadruk Jeremia die noodsaaklikheid van onderdanigheid aan die Babiloniese juk. Hy maak 'n houtjuk en verskyn daarmee op sy nek in die straat. Hfstk 31 bevat die kernuitspraak oor die nuwe verbond.	In hfstke 40-44 maak hy uitsprake tydens die ballingskap. Na die sluipmoord op Gedalja vlug baie na Egipte. Ten spyte van Jeremia se waarskuwings daarteen neem hulle hom ook saam onder dwang.	
Di	Jer 7	Jer 7-9					
Wo	Jer 18	Jer 18-20		In hfstke 13 tot 20 gebruik hy simboliese handeling soos 'n linnegordel (13), wynbottels (18) en 'n pottebakker en klei (19) in koning Jojakim se tyd.	In hfstke 45-52 kry ons uitsprake teen heidenvolke wat op verskillende geleenthede deur Jeremia gemaak is. Jeremia het oor sy volk getreur, maar nogtans, ten spyte van sy liefde vir hulle, God se raadsplan aan hulle verkondig al wou hulle nie luister nie.		
Do	Jer 23	Jer 23-25					
Vry	Jer 31	Jer 30-32					
Sat	Jer 42	Jer 42-44					
Son	Jer 52	Jer 39,52					

*Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê.
(Jer 31:33)*

In hoofstukke 25,26 en 35,36 en 52 vertel Jeremia hoe Juda deur Nebukadnesar oorweldig sou word. Hy voorspel dat die ballingskap sewentig jaar sou duur. Dit is op hierdie profesie wat Daniël hom beroep het aan die einde van die ballingskap met sy ernstige gebed (Dan 9:2).

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Jeremia se roeping (Jer 1).

Ek het jou geken lank tevore:

Jy was nog nie eens gebore!

Toe reeds het Ek jou aan My gewy
om as profeet op te tree vir My.

“Ag, Here my God ek is nog te jonk,
en verder kan ek nie goed praat.”

Ek gee jou die woorde en vonk
Die volk sal baie daardeur baat.

Jy moet gaan waar ek jou stuur,
al moet jy pyn en lyding verduur.

As jy My by jou het
al ek jou altyd red.

Moet op leuens nie vertrou (Jojakim se tyd, Jer 7)

Julle moet nie vertrou
op wat hierdie leuen hou:
Dit is die Here se tempel,
dit is die Here se tempel,
dit is die Here se tempel!
God is heilig,
ons is veilig!

Maak liewers julle lewe en julle dae reg,
anders vat ek julle uit hierdie land uit weg!

Die juk (Sedekia se tyd)

Die Here het vir Jeremia gesê:

“Maak ‘n juk wat op jou nek moet lê.”

Dis wat die volk hieruit moet leer:

“Dis jul lot as julle jul nie bekeer!”

Die vals profete sê: julle moenie Babel se
koning dien

Dit gaan lei to ballingskap en sterftes – julle
sal sien!

Genanja het wel hierdie houtjuk gebreek,
maar met ysterjuk sal ek julle sonde wreek!

Jeremia het sy dood geprofeteer
en dit het presies net so gebeur!
maar die volk wou steeds nie leer...

Sedekia se dae was sleg - hy wou nie leer,
van wat reg is in die oë van die Heer.
Jeremia se woorde kon hom nie bekeer.

Sedekia se seuns is voor sy oë geslag.
Sy oë is uitgesteek terwyl hulle lag.

Jeremia se profesie is presies so vervul:
Die swaar jukke het hul van pyn laat brul...

Die laaste Herder (Jer 23, II Kron 36).

Ellende gaan Ek jul verskaf
Ja, Ek gaan die herders straf.
In plaas van liefdevol draag,
is My skape uitmekaar gejaag.

Jojagin regeer nie eers ‘n jaar.
toe kom haal die vyand hom daar.
Sedekia kom toe in sy plek,
straf se tafel is reeds gedek...

Maar ek sal self my kudde genees,
hul sal hier weer vrugbaar wees.
Ek staan self daarvoor borg,
dat die nuwe herders sal versorg.

Die Here sê daar kom ‘n tyd
vir Dawid se regverdige spruit:
'n koning wat verstandig sal regeer.
Ja, een wat My naam sal eer.

Jesus het dit kom vervul,
Sy skape in liefde gehul.
Hy is die Herder wat jou ken,
daarom kan jy nou net wen.
Hy lê Sy lewe vir sy skape af.
Ja, ook vir jou dra Hy die straf!